# VILLIE NUUS

Laerskool Villieria 26 Junie 2026

## Villieskompas (Blitsskakels)


2 “Best of Pretoria/SA”
3 Skool heropen & Fondsinsameling
4 Veldskool & Foto’s
5 Graad 7 - Markdag & Valley Methodist Church
6 Graad R 2027 & Leerderprestasies
7 Skoolklere
9 Naskoolsentrum
10 Ouertoegang tot skoolterrein & Verdaagtye
11 Sosiale Media
12 Kultuur
14 Sport
19 Borge
20 Gedagte vir die week & Gebedsgroepe
21 Kontakbesonderhede
22 Advertensies
29 Kalender (Junie)


## Uit die hoof se pen

Geagte ouers/voogde

Soos ons die einde van nog ‘n suksesvolle kwartaal bereik, sê ons eerstens baie dankie aan ons Hemelse Vader vir Sy genade, goedheid en guns oor Laerskool Villieria. Ons wil ook graag ons opregte dank en waardering uitspreek vir ‘n positiewe gesindheid teenoor die skool en die ondersteuning wat u deurgaans aan ons personeel en leerders bied.

Dankie vir die vertroue wat u in ons personeel stel en vir die samewerking wat bydra tot ‘n gesonde en produktiewe leeromgewing. Ons waardeer ook die ouers/voogde wat getrou hul skoolgeldverpligtinge nakom. U ondersteuning maak dit moontlik om die gehalte van u kind se onderrig en die ontwikkeling van ons skool voort te sit.

Aan al ons leerders en hul gesinne wens ons ‘n welverdiende en veilige vakansie toe.Mag hierdie tyd gevul wees met rus, kwaliteit gesinstyd en nuwe energie vir die kwartaal wat voorlê.

Ons sien daarna uit om almal weer terug te verwelkom vir die nuwe kwartaal.

Weereens, baie dankie.

# “Best of Pretoria/SA”

Baie, baie goeie nuus vir ons Villies-gemeenskap … Laerskool Villieria is in die volgende TWEE kategorieë genomineer:

- **“Best Pre-Primary School” en**
- **“Best Public Primary School Afrikaans”**

Ons is so opgewonde en ons maak staat op u ondersteuning en stem. Maak asseblief seker u stem onder albei kategorieë.

**BAIE BELANGRIK:** U mag slegs **EEN** stem plaas per persoon. Indien iemand meer as een keer probeer stem vir dieselfde skool, kan die skool gediskwalifiseer word.

Deel asseblief met u familie, vriende, kollegas, bure en oud-Villies – ons kort elke stem moontlik.

Volg assseblief die volgende skakel om te stem:

https://www.bestofsouthafrica.co.za/pretoria/bop-voting-education/

# Skole heropen

**GRAAD R – 7**

Soos reeds aan u bekend, het die skool vandag gesluit vir die einde van die tweede kwartaal.

Die skool open weer vir alle graad R- tot 7-leerders vir die derde kwartaal op Dinsdag, 21 Julie 2026.

# Fondsinsameling

**HUISHOUDELIKE PLASTIEKSAKKE**

Indien ‘n vorm verlore is, moet ‘n beëdigde verklaring ingehandig word en nie ‘n briefie of e-pos nie. Soos deur die ouditeur versoek, kan slegs ‘n beëdigde verklaring wat by ‘n **polisiestasie** afgelê is, aanvaar word.

Ons sê hiermee dan baie dankie vir u geduld en u volgehoue en getroue ondersteuning met hierdie jaarlikse fondsinsamelingsprojek. U ondersteuning maak ‘n reuse verskil.

Alle graad R- tot 7-leerders het hul sakke ontvang wat reeds bestel en betaal was.

**PICK N PAY WAVERLEY**

**Pick n Pay Waverley** het jaarliks ‘n kompetisie vir skole in die omgewing.Ons vra vriendelik dat u Laerskool Villieria sal ondersteun wanneer u, u aankope daar doen. **Plaas asseblief u strokie in die Laerskool Villieria houer** voor in die winkel. Die wenskool staan ‘n kans om ‘n kontantbedrag te wen wat aangewend word vir die leerders se akademie.

# Veldskool

**GRAAD 6**

Soos reeds per vorige kommunikasie verlede jaar aan u, herinner ons u aan die onderstaande.

**Plek:** Jubaweni
**Datum:** Dinsdag, 6 Oktober 2026 tot Vrydag, 9 Oktober 2026.
**Koste:** R2 100 per kind. (U het wel twee opsies om van te kies)
**Opsie 1:** Die volle bedrag eenmalig R2 100.
**Opsie 2:** Paaiemente vanaf Januarie 2026 – September 2026.

Alle gelde moet asseblief voor of op Woensdag, 30 September 2026 ten volle betaal wees.

Indien u elektronies betaal in die skool se bankrekening, moet u verwysingsnommer soos volg lyk: U FAMILIEKODE en die woord VELDSKOOL.

# Foto's

**SPORT**

Alle sportfoto's is beskikbaar vir bestelling by afrigters teen R55 per foto. Alle gelde moet voor of op **Vrydag, 24 Julie 2026** by die afrigters inbetaal wees.

# Graad 7 – Markdag

Ons graad 7-leerders hou 'n Markdag op Vrydag, 4 September 2026 as deel van hul EBW-Assessering vir kwartaal 3.Alle graad R- tot 6-leerders gaan die geleentheid kry om op hierdie dag ons graad 7-leerders te ondersteun met hul verkope en speletjies oorbaan. Volledige inligting volg nader aan die tyd.

Enige navrae van ouers/ voogde kan juffrou B. Francis kontak per e-pos by: bfrancis@laerskoolvillieria.co.za

# Valley Methodist Church

**SPEELGOEDPROJEK**

Een van ons buurkerke, Valley Methodist Church (h/v 29ste Laan & Ben Swartstraat), het op die oomblik 'n "Speelgoedprojek" wat hul aanwend as **fondsinsameling** vir hul kerk.

(Ons is baie dankbaar vir hierdie kerk wat ons skool goedhartig is deur hul terrein vir ons ouers/voogde beskikbaar te stel vir veilige op- en aflaai van ons leerders).
Ouers/Voogde wie kan, is welkom om enige **tweedehandse kinderspeelgoed in bruikbare kondisie,** te skenk vir hul projek. U kan die speelgoed hier **by ons skool aflaai** – ons oorhandig dit aan die kerk op **Vrydag, 26 Junie 2026.** Neem asseblief kennis dat dit **nie verpligtend** is nie.

# Graad R (2027)

**AANSOEK OM TOELATING**

Leerderinskrywings vir nuwe graad R-leerders by Laerskool Villieria (2027) is goed op dreef. Daar is wel nog spasie beskikbaar vir aansoeke. Daarom vra ons u vriendelik om te adverteer deur middel van "word of mouth" tussen u familie, vriende, bure en kollegas.
Ons streef daarna om ons leerdergetalle vol te hou sodat ons die beste opvoeding vir ons kinders kan gee en ons skool te behou soos hy tans is.

Aansoekvorms vir graad R (2027) is steeds beskikbaar op ons webblad om af te laai en te voltooi. Aansoekvorms, tesame met al die vereiste dokumentasie, kan dan by ons kantoor ingehandig word.

# Leerder Prestasies

**BUITE SKOOLPRESTASIES**

Indien u kind 'n prestasie **buite skoolverband** behaal het, is u welkom om **een foto en 'n kort beskrywing** te stuur na bemarking@laerskoolvillieria.co.za sodat dit op ons Facebook- en Instagramblad kan verskyn.
**Prestasies binne skoolverband hoef u nie te stuur nie, ons as skool hanteer dit.**

# Skoolklere

## VERLORE KLERE

‘n **Vriendelike, tog dringende versoek** aan ouers/voogde om u kind(ers) se **klere en items duidelik te merk** met sy/haar **naam EN van.** Daar is te veel klere en items wat “verlore” raak sonder name.

Verlore klere wat gemerk is met **net ‘n naam of net ‘n van** en nie opgeëis word nie, word **elke week verwyder uit die “verlore kratte”** – daarna sal dit verkoop word by ons Klerebank.

**Klere wat nie gemerk is nie, kan ongelukkig nie opgeëis word nie en sal onmiddellik by die Klerebank ingeboek word om verkoop te word. Dit sal nie meer in die “verlore kratte” geplaas word nie.**

Ons vra weer, **merk asseblief u kind(ers) se klere en items duidelik met sy/haar naam EN van.**

## VILLIES KLEREBANK

Ons nooi alle ouers/voogde vriendelik uit om betrokke te raak deur **goed opgepaste skoolklere wat nie meer gebruik word nie, aan die skool te skenk.**

Dit kan klere wees wat te klein geword het of wat nie meer benodig word nie. Deur hierdie skenkings, kan ons mekaar ondersteun en verseker dat elke leerder toegang het tot netjiese en geskikte skooldrag.

Die Klerebank is nie net ’n praktiese oplossing nie, maar ook ’n geleentheid om as gemeenskap saam te staan en mekaar te help in ’n tyd waar dit vir baie gesinne ’n verskil kan maak. Hierdie inisiatief bied aan ouers/voogde die geleentheid om kwaliteit tweedehandse skoolklere teen bekostigbare pryse aan te koop.

Dankie aan elke ouer wat reeds bygedra het met skenkings. Saam bou ons ’n omgee-skoolgemeenskap.

# Skoolklere

## VILLIES KLEREBANK (VERVOLG)

Ons volgende verkoopsdag vir tweedehandse skoolklere:
Woensdag, 5 Augustus 2026 16:00 – 17:30 Villies KlereHub
**(Neem asseblief kennis dat ons voortaan slegs kaartbetalings kan aanvaar vir Klerebank aankope. Geen kontant kan ongelukkig aanvaar word nie).**
**Ingang by die hekkie in Ben Swartstraat waar die leerders soggens inkom.**

## VILLIES KLEREHUB

Ons Villies KlereHub waar nuwe skoolklere verkoop word, gaan steeds normaal voort.
Maandae tot Vrydae 07:00 – 09:00

# Naskoolsentrum

**INGESKREWE VILLIES NASKOOLLEERDERS**

Ouers/ Voogde van huidige ingeskrewe Villies Naskoolleerders, word aan die volgende herinner ten opsigte van die leerders se veiligheid:

- `n **Daaglikse register** word gehandhaaf waar **leerders teenwoordig/afwesig gemerk** word.
- **Afwesigheid van 'n leerder** moet aan die naskoolsentrum deurgegee word.
- 'n Daaglikse register waar **'n ouer/voog die leerder self moet uit teken** wanneer hy/sy afgehaal word **(Geen leerder sal by die hek uitgestuur word na u voertuig voordat u nie persoonlik die register geteken het nie).**
- Leerders word by die **naskoolhekkie in 30ste Laan deur hulle ouers afgehaal.**
- **Geen leerder sal vooraf na die naskoolhok gestuur word om daar te wag om afgehaal te word nie.**
- **Slegs ouers/voogde mag die leerders by die naskool afhaal. (Indien iemand anders die leerders kom afhaal,** moet die naskoolpersoneel **skriftelik in kennis gestel word** deur die ouer/voog).
- Wanneer 'n spesifieke persoon **nie 'n leerder mag afhaal nie, moet dit op skrif aan die naskoolpersoneel gegee word.**
- Die naskool is **slegs operasioneel tot 17:30 (Stiptelik).**
- **'n Leerder mag slegs huis toe loop** nadat **skriftelike toestemming** deur die ouer/voog verleen is.
- Leerders wat aan **buitemuurse aktiwiteite van die skool deelneem na skool,** word oorbaan geneem na hul aktiwiteite deur die naskoolpersoneel en weer teruggebring na die naskoolterrein.

(**'n Brief vir kennisname aan die naskoolpersoneel** vanaf die ouer/voog wat die volgende inligting bevat: Leerder naam, van en graad, watter aktiwiteit, dae en tye wat u kind deelneem).

# Ouertoegang tot die skoolterrein

Toegang na Ontvangs kan **SLEGS** verkry word deur aan te meld by die **kantoor-hekkie in Ben Swartstraat**. U sal dan bygestaan word met u navraag/ afspraak.
Kantoorhekkie: **Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).**
Geen persoon, hetsy ouer/ voog of buite - persoon word op die skoolterrein toegelaat nie, tensy per afspraak.
**Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie.**
**Ons vra vriendelik vir ouers/ voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid, asook ons skool en personeel se eiendom.**

# Verdaagtye

| | | |
|---|---|---|
| Graad R | Maandae - Vrydae | 13:00 |
| Graad 1 - 2 | Maandae - Vrydae | 13:15 |
| Graad 3 - 7 | Maandae - Vrydae | 13:30 |

Indien daar 'n verandering aan 'n spesifieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

# Sosiale Media

Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe **Facebookblad:** https://www.facebook.com/share/1CqaLgS3Kt/.

Ons vorige Facebookblad naamlik “Laerskool Villieria Amptelik” is nie meer in gebruik nie.

Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe **Instagramblad**: https://www.instagram.com/laerskool_villieria?igsh=N2praXo4bDd1M2tn

# Kultuur

## KOOR (GRAAD 4-7)

Oefening in die eerste week van die nuwe kwartaal:

- Woensdag 6:45 - 7:30

**Optredes is as volg:**

| DATUM | PLEK | GELEENTHEID |
|---|---|---|
| 22 Julie 2026 | H/s Wonderboom | Centre Stage |
| 25 Julie 2026 | SKYN Doxa Deo Projek | |
| 30 Julie 2026 | L/s Wonderboom | |

## Noorderkruin Kunstefees

Oefening vir die komende week:

- Woensdag 13:30 - 14:00 Juf M. Campbell se klas (K49)
- Donderdag 13:30 - 14:00 Juf M. Campbell se klas (K49)

# Kultuur
## vervolg

### REVUE



**Ons herinner u aan die betaling vir die kostuums.**

Oefening vir die eerste week van die kwartaal:

**Geen oefening. Sien wel "Kleedrepetisie" hier onder.**

Kleedrepetisie:

- Maandag, 20 Julie 2026 08:00 - 14:00
  (Dag voor die skool begin)

| DATUM | GELEENTHEID / PLEK |
|---|---|
| Woensdag, 22 Julie 2026 | Hoërskool Wonderboom |
| Woensdag, 29 Julie 2026 | Staatsteater "Grading" |
| Donderdag, 6 Augustus 2026 | Kaleidoscope "1$^{st}$ Round" (Juniors) |
| Maandag, 17 Augustus 2026 | Kaleidoscope "1$^{st}$ Round" (Seniors) |

Kaartjieverkope

**"Click" asb op die volgende skakel om kaartjies te koop vir die staatsteater:**
https://www.webtickets.co.za/v2/event.aspx?itemid=1592747001

**"Click" asb op die volgende skakel om kaartjies te koop vir ons revue- en kooroptrede by Hoërskool Wonderboom (Centre Stage):**
https://www.quicket.co.za/events/375571-centre-stage-22-july/

# Sport

## RUGBY

**Rugby (o/9 - tot o/13 - seuns)**

Afsluiting (o/13):

Vrydag, 31 Julie 2026 vind die afsluiting plaas vir die o/13-spelers. Die afsluiting is slegs vir die spelers wat 13 jaar oud is/word in 2026. Meer inligting sal nader aan die tyd deurgegee word.

## SKAAK

Oefening in die week van die nuwe kwartaal:

- Woensdag 13:45 - 14:30

## KRIEKET

Oefening in die week van die nuwe kwartaal:

Indien daar verandering aan die oefenrooster is, sala dit vroegtydig aan u deurgegee word.

| | | |
|---|---|---|
| Maandae | 15:00 - 16:00 | o/12; o/13 (A - spanne) |
| Dinsdae | 13:00 - 14:00 | o/8 (Blou & Rooi) |
| | 14:00 - 15:00 | o/9; o/10 (A - & B - spanne) |
| | 15:00 - 16:00 | o/11 (A - & B - spanne)<br>o/12; o/13 (B - spanne) |
| Woensdae | 15:00 - 16:00 | o/10; o/11 (A - spanne) |
| Donderdae | 13:00 - 14:00 | o/8 (Blou & Rooi) |
| | 14:00 - 15:00 | o/9; o/10 (B - spanne) |
| | 15:00 - 16:00 | o/11 (B - span)<br>o/12; o/13 (A - en B - spanne) |

# Sport

## KRIEKET

Toere:

Ons sê baie sterkte aan al die krieketspelers wat toer gedurende die vakansie.

| TOER | DATUM | SPAN | KOSTE PER SPELER |
|---|---|---|---|
| Krieket Noord van die Berg Toernooi (PTA) | 25 - 27 Junie 2026 | o/9 tot o/11 (A - spanne) | +- R900 |
| Zwartkloof Adventures | 2 - 5 Julie 2026 (Skool vakansie) | o/13 A | +- R2 400 |
| Zwartkloof Adventures | 9 - 12 Julie 2026 (Skool vakansie) | o/12 A | +- R2 400 |
| Midstream College Krieketweek | 13 - 15 Julie 2026 (Skool vakansie) | o/9 tot o/13 (B - spanne) | +- R900 |

## SAGTEBAL

### Mini - Sagtebal (Graad 2 - en 3 - dogters)

o/9

Kursus:

- Vrydag, 17 Julie 2026 09:00 - 14:00

# Sport vervolg

**Sagtebal (o/10 - tot o/13 - dogters)**

Sagtebalklere
Ons het nuwe sagtebalklere! Ouers moet asseblief bewus wees van die volgende uitgawes:

- Groen sagtebalbroek R300

(Die broeke sal beskikbaar wees by die KlereHub vanaf Woensdag, 15 Julie 2026 tot Vrydag, 17 Julie 2026. Me. Corinda Sinden sal die verkope waarneem op hierdie dae vanaf 14:00 – 16:00. Alternatiewelik kan u aankoop wanneer die skool weer open).

- Groen sagtebalhemp R 0 Nuut - Word vir al die dogters geborg deur **Tercon Civils**
- Langmou sagtebalhemp R 305 - R 355 Beskikbaar by die Klerehub
- "Visor" R 110 Beskikbaar by die klerehub

**Dogters wat 'n mit benodig, het dit reeds ontvang. Indien die toerusting wegraak, is die individu verantwoordelik vir die koste daarvan.**

Opkomende gebeure:

Baie sterkte aan die spanne wat die naweek toer en die spanne wat kurus het die vakansie. Kom ons hou ons skool se naam hoog!

| KURSUS/ TOER | DATUM | PLEK | SPANNE | KOSTE |
|---|---|---|---|---|
| Toer | 26 - 28 Junie 2026 (Skool vakansie) | Sediba Kwele | o/12 A + B<br>o/13 A + B | R1 900 per dogter |
| Kursus | 15, 16 Julie 2026 (Skool vakansie) | L/s Villieria | o/10 A + B<br>o/11 A + B | R670 per dogter |
| Sagtebaldag | 23 Julie 2026 | H/s Oos-Moot | o/10 - o/13 (A - en B - spanne) | |

# Sport
## vervolg

**Toer - en kursusgelde:**

- Baie dankie vir die toer- en kursusgelde wat reeds inkom. Indien daar ouerhuise is wat ander dogters ook kan help met 'n borg,  kommunikeer asseblief met die afrigters.

**Sagtebaldag:**

- Hierdie is vriendskaplik en dien as voorbereiding. Die program vir die dag sal op die sagtebalgroepe gedeel word.

<u>Oefening vir die eerste week van die nuwe kwartaal:</u>

Die kwartaalprogram vir wedstryde sal in kwartaal 3 uitgegee word. Die Sagtebaldag se program sal op die sagtebalgroepe gedeel word.

| DAG EN TYD | SPANNE | BELANGRIK |
|---|---|---|
| Dinsdag, 21 Julie 2026 (13:00 - 14:00) | Gooiers en vangers van die o/10- tot o/13 A - spanne | Hierdie spelers oefen na dit saam met hul spanne. |
| Dinsdag, 21 Julie 2026 (13:00 - 14:00) | o/10 - en o/11 B - spanne | Batting oefening. Alle dogters moet bywoon. (Elke 2de week oefen slegs twee ouderdomsgroepe) |
| Dinsdag, 21 Julie 2026 (14:00 - 15:30) | o/10 - tot o/13 A - spanne | Alle dogters moet bywoon. |
| Dinsdag, 21 Julie 2026 (15:15 - 16:30) | o/11 - tot o/13 B - spanne | Alle dogters moet bywoon. |
| Dinsdag, 21 Julie 2026 (15:15 - 16:45) | o/10 B - span | Alle dogters moet bywoon. |
| Geen sagtebaloefening Donderdag, 23 Julie 2026 nie. Dis ons Sagtebaldag. | | |

# Sport vervolg

## Landloop

<u>Oefening gedurende die vakansie:</u>
Hierdie oefeninge is vir die atlete wat kan bywoon.Dit geskied oorbaan.

- Maandag, 29 Junie 2026
- Dinsdag, 30 Junie 2026
- Woensdag, 1 Julie 2026
- Maandag, 6 Julie 2026
- Dinsdag, 7 Julie 2026
- Woensdag, 8 Julie 2026

09:00 - 10:00

Die landloopatlete het gister 'n belangrike brief met 'n skeurstrokie saam met hul rapport gekry. Daardie skeurstrokie moet asseblief teen Woensdag, 22 Julie 2026 by juffrou R. Lombaard ingehandig wees.

| DATUM | LIGA | PLEK |
|---|---|---|
| Vrydag, 24 Jul. 2026 | 1 | **Prime View (Southern Dr, Olifantsfontein)** |
| Vrydag, 31 Jul. 2026 | 2 | **Eduplex** |
| Vrydag, 7 Aug. 2026 | 3 | H/s Waterkloof |
| Woensdag, 12 Aug. 2026 | 4 | L/s Vissershoek |
| Saterdag, 15 Aug. 2026 | AGN - KAMPIOENSKAPPE | Curro Hazeldean |
| Saterdag, 5 Sep. 2026 | SA - KAMPIOENSKAPPE | Curro Hazeldean |

# Borge

Nogmaals baie dankie aan al ons borge vir die ruimhartigheid en ondersteuning.

Pick n Pay
(Pick n Pay Wonderboom Junction)

bestcare
FIRST AID | CPR | FIRE
TRAINING SERVICES

KWIK SPAR
GABY'S

SPAR
LES MARAIS

SPUR
(Lone Hawk Spur)

wonderboom
JUNCTION

BLITZ

TERCON CIVILS

POSTNET
(Postnet Wonderboom Junction)

PROSHIELD
SECURITY SERVICES
"We Guard Your City"

BREAKFAST • ONTBYT
SINCE 2000
OppiPlaas
RESTAURANT

SUPERSPAR
(Superspar Wonderboom Junction)

PENTA™
MOTOR GROUP
(Penta Mahindra Montana)

QTYRES
(Kultuur borg)

AONANI
FINANCIAL SERVICES
(Kultuur borg)

VATOSTYLE
joinery • board cut & edge • wrap doors
(Kultuur borg)

HAMERKOP HARDEWARE
(Kultuur borg)

# Gedagte vir die week

"Out of the mountain of despair, a stone of HOPE."
Martin Luther King JR.

# Gebedsgroepe

## VILLIES GEBEDSGROEPE

Alle pappas, mammas, oumas, oupas, voogde en ondersteuners van Laerskool Villieria wat 'n hart vir gebed het, kom bid saam met ons!

**Dames gebedsgroep:**



In die Sportsaal (Sportvelde oorbaan).
Maandae 7:15 - 7:45
Vrydae 7:15 - 7:45
Volg die skakel om deel te word van die WhatsApp groep:
https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

**Manne gebedsgroep:**

By Christlife Ministries Kerk (In 30ste Laan langs die skool).
Vrydae 7:15 - 7:45

# Kontakbesonderhede

**Telefoonnommer**:
012 331 1100

**Selfoonnommer**:
068 037 5421
Slegs indien landlyn buite werking is

**Naskool**:
076 511 6464
naskool@laerskoolvillieria.co.za

**Algemene navrae:**
villiesskool@icon.co.za

**Aansoek om toelating:**
maria@laerskoolvillieria.co.za

**Bemarking:**
bemarking@laerskoolvillieria.co.za

**Villies Klerehub:**
klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

**Finansies en Nuusbriefadvertensies:**
finansies@laerskoolvillieria.co.za

# Advertensies



# Advertensies

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




**The University of Pretoria's Sci-Enza Science Centre proudly presents an opportunity for young science enthusiasts to engage in exciting hands-on activities. Bring your curious young palaeontologists along to explore the fascinating world of rocks, ancient life and real fossil science!**

**Programme details:**

- **Theme:** Fossils
- **Venue:** Sci-Enza Science Centre, University of Pretoria, Hatfield Campus
- **Time:** 09:00 – 13:00 daily

| Audience | Dates | Package | Cost |
|---|---|---|---|
| Grade R - 3 | 29 June – 01 July | 3-day package | R540 |
| Grade 4 - 6 | 02 – 03 July | 2-day package | R360 |

Ticket link: https://qkt.io/lAucpC

**Please note the following important information:**

- The programme officially starts at 09:00 and ends at 13:00 each day.
- Children can be dropped off from 08:15 onwards and must be collected promptly at 13:00.
- For their safety, no child will be allowed to leave the Sci-Enza premises unaccompanied and must be collected by an assigned parent or guardian.
- **Parents/guardians will be required to sign their children in at drop-off and out at collection.**
- Parents/guardians are not permitted to join the programme.
- Parents must pack a water bottle and lunch for their children each day.

**For enquiries or more information, please contact us at 012 420 3767 or** sci-enza@up.ac.za

# Advertensies

**GRATIS VAKANSIEPROGRAM**

'n GRATIS TWEETALIGE vakansieprogram word aangebied deur een van L/s Villieria se buurkerke. Registrasie tot en met Sondag, 21 Junie 2026 by die selnommer op die advertensie onderaan.



# Advertensies



# Advertensies



Anli Benzien
anli@aonanifs.com
076 - 279 6759

AONANI
FINANCIAL SERVICES



Jaco Benzien
jaco@aonanifs.com
082 - 863 1993


| | |
|---|---|
| BELASTING | FINANSIëLE BEPLANNING |
| BOEKHOUDING | WELVAART BESTUUR |
| SALARIS PROSESSERING | BELEGGINGS |
| FINANSIëLE STATE | PENSIOEN |
| CIPC NAKOMING | AFTREE BEPLANNING |
| TRUSTS EN BOEDELS | LEWENS DEKKING |
| BESIGHEIDS-REGISTRASIES | ONGESKIKTHEIDS DEKKING |
| DEELTYDSE CFO | FINANSIëLE ADVIES |

info@aonanifs.com
012 - 833 7044
Cunningham Avenue, Villieria, Pretoria
www.aonanifs.com

# Advertensies



# Advertensies



# Kalender: Junie

| MON | TUE | WED | THU | FRI | SAT | SUN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 Netbal: Uitspele L/s Magalieskruin (w) | 2 Rugby: Liga L/s Die Poort (w) | 3 | 4 | 5 Corinda Naskool; Juf Larochelle Assistent; Gr. R: Oupa- & Oumadag; Netbal: Tshwane Uitspele | 6 Netbal: Tshwane Uitspele | 7 |
| 8 Mnr Tiaan Assistent | 9 | 10 | 11 Rugby: Blou Bulle Semi Finale | 12 Entrepreneurs - dag | 13 Bulletjie Loftusdag | 14 Mnr Grobler |
| 15 Skool Vakansiedag | 16 Jeugdag | 17 | 18 Mnr Aldrich; Rugby: Blou Bulle Finale | 19 Gr. 2: Uitstappie | 20 Koor: H/s Wonderboom | 21 Vadersdag |
| 22 | 23 Sokkie: Gr. 5 - 7 | 24 Oueraand: Op uitnodiging | 25 Sokkie: Gr. 5 – 7; Rapporte; Koor: Barnyard | 26 Skool sluit; Revue oefening | 27 | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |